## AFDELING A: KORTVERHALE

## VRAAG 1: *BLADSAK* – Lucas Malan

## VERHAAL A: "DIE STEM VAN 'N KIND" – Pieter Pieterse

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | Zambezi(rivier) | 1 |
| 1.2 | • (Teen) skemer<br>• As dit begin aand word<br>• Aan die einde van die dag<br>• As die son begin sak<br>• As dit begin donker word<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.3 | Mamaropeni/Motsumi se vrou/Mohlapi se ma<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.4 | 'n vergelyking | 1 |
| 1.5 | • Die mense van Kubu het Molaeledi se boodskap gehoor.<br>• Molaeledi het langs die rivier bly staan tot dit begin donker word het.<br>• Morobula het weer aan sy boot begin werk.<br>• Die kinders het rivier toe geloop om Morobula te gaan koggel.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 1.6.1 | D/... was bekommerd oor sy toekoms. | 1 |
| 1.6.2 | A/... was die enigste inwoner van Kubu wat geletterd was. | 1 |
| 1.6.3 | E/... het saam met die jagters weggegaan om vir hulle te wys waar hulle die diere moet soek. | 1 |
| 1.6.4 | B/... het sy familie gehelp, al het hy ver van hulle af gewerk. | 1 |
| 1.7 | boot | 1 |
| 1.8 | D/Morobula reg moet wees om sy boot op die water te kry. | 1 |
| 1.9.1 | saam met sy maats vir Morobula geterg | 1 |
| 1.9.2 | kwaai | 1 |
| 1.10.1 | Molaeledi ...<br>• was besig om groot te word/was nie meer 'n kind nie.<br>• was nie meer so deel van die ander kinders nie.<br>• het nou anders na dinge gekyk.<br>• het begin verstaan waarom Morobula gedoen het wat hy gedoen het.<br>• was skaam oor wat hy gedoen het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.10.2 | • Hy het nie die reg gehad om aan ander kinders te slaan nie.<br>• Een kind mag nie 'n ander kind slaan nie.<br>• Hy kon hulle baie seergemaak het.<br>• Hy kon in groot moeilikheid by hulle ouers beland het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.11 | Ek sou ...<br>• haar gaan troos het/vir haar gesê het ek is daar naby.<br>• vir haar verduidelik het waarom ek kwaad was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.12 | Ek het geleer dat ...<br>• daar 'n tyd vir alles is.<br>• grootword deel van die lewe is/ons almal groot word.<br>• 'n mens grootword moet aanvaar/positief daaroor moet voel.<br>• grootword veranderinge meebring.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: "KONING LEEU SE GESKENKE" – Pieter W Grobbelaar**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.13 | Boerbok (se vrou) | 1 |
| 1.14 | Hy wou vir hulle wys dat hy 'n goeie koning is.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.15 | A/dit 'n baie lekker partytjie was. | 1 |
| 1.16.1 | Olifant/olifant | 1 |
| 1.16.2 | streepjas | 1 |
| 1.16.3 | blou/potblou | 1 |
| 1.16.4 | sterte | 1 |
| 1.17.1 | E/Sy horings lyk nie dieselfde nie. | 1 |
| 1.17.2 | C/Hy moes tevrede wees met iets wat niemand anders wou hê nie. | 1 |
| 1.17.3 | A/Sy reuk het die ander diere laat weghardloop. | 1 |
| 1.17.4 | D/Hy was te skaam om sonder klere tussen ander diere te kom. | 1 |
| 1.18 | Hy het Leeu se veldmedisyne gedrink. | 1 |
| 1.19.1 | vies | 1 |
| 1.19.2 | jammer vir | 1 |
| 1.20 | Jakkals ✓ en Wolf ✓ | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.21 | • Koning Leeu eet/vang bokke/hou van vleis.<br>• Die bokvrouens was bang koning Leeu sou hulle opeet.<br>• Hulle het koning Leeu nie vertrou nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.22 | • Leeu het al die diere uitgenooi en hulle kon nie weier nie.<br>• Leeu het eerste geëet.<br>• Die ander diere moes wag dat Leeu eerste eet.<br>• Leeu het besluit wie kry wat.<br>• Die diere moes tevrede wees met wat hulle gekry het.<br>• Leeu het die diere berispe/gestraf as hulle verkeerd opgetree het., bv.:<br>o Hy het Olifant se neus tot op die grond gepluk.<br>o Hy het Renoster geklap.<br>• Leeu het hom nie laat aanjaag nie.<br>• Leeu was nie jammer/het nie om verskoning gevra toe hy op Koggelmander se kop getrap het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.23 | Dit beklemtoon ...<br>• hoe baie diere by die partytjie aangekom het.<br>• die verskillende diere wat by die partytjie aangekom het.<br>• dat die diere die koning gehoorsaam het/die partytjie bygewoon het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.24 | Skilpad ...<br>• was te laat vir die partytjie.<br>• het geen geskenk gekry nie.<br>• het nie melk of heuning gekry nie.<br>• moes tevrede wees met 'n horingdop (wat Krokodil/iemand anders vir hom gemaak het.)<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | **TOTAAL:** | **40** |

